

# JAARVERSLAG 2017

## OPLEIDING EN KURSUSSE

AJ Burger



Dit was vir my 'n voorreg om hierdie jaar op die Raad te dien en die genootskap en die lede te verteenwoordig. Dank aan die lede wat vertrou in my het en my die geleentheid gee om in die portefeulje te dien.

Opleiding aan persone wat hulself wil bemagtig is egter 'n uitdaging. Beoordelaars en keurders stel hulle altyd bloot aan kritiek.

**JUST BECAUSE YOU LIKE A DIFFERENT TIPE OF HORSE  
DOES NOT MAKE THE JUDGE STUPID AND YOU CLEVER, OR VICA VERSA.**

Die Raad het vanjaar moeite gedoen om kandidaatbeoordelaars die geleentheid te gee om praktiese beoordeling te doen en skouer te skuur met senior beoordelaars. Baie dankie aan die kandidate wat moeite gedoen het. Ook dank aan al die skou-komitees.

Voorts het ons 'n beoordelaarseminaar by die Afri-Dome aangebied gedurende Mei. Die aanbieders was entoesiasies en het hul kennis meesterlik oorgedra. Dit is bygewoon deur senior- sowel as kandidaatbeoordelaars. Daar is tans nuwe belangstelling van buite beoordelaars om op ons beoordelaars-paneel te dien. Dis 'n verblydende tendens en ek gee aandag daaraan. Dit staan klubs vry om met die Raad te skakel waar ons van enige hulp kan wees.

Erkenning en dank aan die beoordelaars wat vanjaar ons bedryf gedien het, die standaard hoog gehou het en altyd waardig opgetree het. Die Afri-Dome het hul fasiliteite kosteloos aan ons verskaf vir kursusdoeleindes. My opregte dank aan hulle.

My dank aan die President en die Raadslede dat ons in 'n hartlike atmosfeer kon saamwerk. Ek respekteer julle. Baie dankie aan Elize vir jou puik werk en hulpvaardigheid. Dit word waardeer.

Ek sluit af met die volgende aanhaling:

**DIE SKEPPER HET HOEWE AAN DIE WIND GESIT  
'N TOOM AAN DIE WEERLIG  
EN DIE NAAM GEGEE .....  
SA BOERPERD.**

Koester ons ras deur goeie sportmangees aan die dag te lê. Jy hoef nie altyd te wen om suksesvol te wees nie.